Publication: Burger (Suid Kaap)

Date: Wednesday, April 16, 2025

Page: 4

## VROU GEÏDENTIFISEER NÁ BANTRYBAAI-ONGELUK

# ‘Wetteloosheid raak almal in Suid-Afrika’

**Carl Thomas**

Die vrou wat sowat 30 m by ’n afgrond in Bantrybaai afgeslinger is toe ’n beweerde dronkbestuurder haar en ’n mede-atleet tref, is as Zelmarie Nel (37) geïdentifiseer.

Nel en die manlike atleet is op Sondag 30 Maart getref toe hulle besig was om in Victoriaweg vir die Twee Oseane-halfmarathon te oefen.

Senzo Mantyi (24) is in hegtenis geneem op ’n klag van bestuur onder die invloed van drank en roekelose en nalatige bestuur. Hy is die Dinsdag ná die voorval borgtog van R3 000 in die landdroshof in Kaapstad toegestaan.

Die staat het toe gesê Mantyi word voorlopig egter net van roekelose en nalatige bestuur aangekla. Die ander aanklag kan bygevoeg word sodra die uitslae van sy bloedtoetse ontvang is.

Daar is vroeër berig die ongeluk het omstreeks 07:40 gebeur. Die vrou is oor ’n muurtjie langs die pad geslinger en het ongeveer 30 m verder na onder te lande gekom. Sy moes op ’n draagbaar met ’n tou opgehys word en is na die Christiaan Barnard-gedenkhospitaal geneem.

Die ander drawwer wat getref is, is langs die muur gevind. Hy is op die toneel behandel en na ’n hospitaal geneem. Die man, wat nog onbekend is, is wel reeds ontslaan.

Volgens ’n Facebook-profiel is Nel ’n wetenskaplike.

Die familie skryf ook op hul Recovery for Zelmarie-veldtog




**Die motor wat Senzo Mantyi na bewering bestuur het.**



**Senzo Mantyi**

op BackaBuddy dat hulle “bewustheid en ondersteuning” wil skep vir Nel wat nog besig is om te herstel ná ’n “verwoestende voetgangerongeluk wat deur ’n dronkbestuurder veroorsaak is”.

Luidens die plasing het die ongeluk tot beserings gelei wat verskeie operasies geverg het. ’n Uitgebreide herstelproses lê vir Nel voor, insluitend hulp met stap, verskeie ortopedies ondersteunende toerusting en opvolgbesoeke aan dokters.

Die plasing lui dat Nel “selfonderhoudend” is en tans nie ’n inkomste kan genereer nie.

Teen gister omstreeks 10:30 het die familie al ongeveer R16 000 van hul R30 000-doelwit ingesamel.

Mark, wat net op sy voornaam geïdentifiseer wil word, het voorheen aan *Die Burger* gesê Nel en die manlike drawwer was deel van sy groep van sowat 25 drawwers wat daardie Sondag almal hul laaste oefening vir die halfmarathon wou inkry. Hulle het van Seepunt na Kampsbaai gedraf. Die voorval het op pad na Kampsbaai gebeur.

“Dit is voorwaar ’n wonderwerk dat die vrou leef,” het Mark voorheen gesê.

Volgens kringtelevisiebeeldmateriaal kan gesien word hoe Nel voor hardloop, met die manlike drawwer kort op haar hakke. Die voertuig kom dan net skielik aangery en tref eerste vir Nel, wat deur die lug oor die afgrond geslinger word, en toe die manlike atleet, wat ook geslinger is, maar aan die rand van die muurtjie kon vashou en homself oortrek.

Neil Robinson, hoof van die Pedal Power Association, het by navraag gesê die “wetteloosheid en baie swak bestuursvermoë van sommige motorvoertuigbestuurders oor Suid-Afrika heen raak almal”.

Robinson sê baie fietsryers en drawwers is gewoonlik soggens vroeg op die pad om te oefen.

“Hulle word gereeld deur voertuie gekonfronteer wat buite beheer is – bestuurders wat te vinnig ry, óf dronk is óf nie hul rybewys het nie. Die roekeloosheid op ons paaie is regtig ongelooflik.”

Robinson sê die probleem is dat diegene wat die wet oortree, nie aan die pen ry nie.

“Dit is onaanvaarbaar. Ons kan nie voortgaan met hierdie byna moorddadige gedrag op die paaie nie.”

Robinson doen ’n beroep op drawwers en fietsryers en wie ook al die paaie gebruik, om wetsgehoorsaam te wees, want “dit neem twee om te tango”. Hy vra ook dat mense altyd binne die spoedgrens bly.

“Dit is die wet en ons moet die wet in hierdie land gehoorsaam.”

Ná vele pogings was Nel se familie nog nie reg om gister met *Die Burger* te praat nie.

Die saak teen Mantyi is tot 20 Junie vir verdere ondersoek uitgestel.

**– carl.thomas@media24.com**




**Zelmarie Nel (37)** Foto: BACKABUDDY

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.